

Maandag

Matteus 10: 26 – 39. Teks Mat. 10: 32, 33. Tema Christus sê vir die Vader wie ons is en ons sê openlik wie Christus is. Hierdie uitspraak van die Here gaan oor wat dit beteken om Hom te verloën en om jou openlik vir Hom uit te spreek. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Kan dit met kinders ooit só werk? Wanneer 'n pa en ma hul kind by die skool kom aflaai en hulle maats vra vir hulle wie is dit in die kar, en hul dan só antwoord: "Dit is die oom en tannie by wie ek bly", of "Dit is die mense wat my grootmaak", of "Ek dink dit is my pa en ma", of "Dit is die grootmense wat vir my sorg wat vir my soos 'n pa en ma voel." Dit kan nie! Wat doen 'n kind met sy pa en ma as hy so openlik vir sy maats sê hulle is 'n oom en tannie, mense, grootmense of iemand wat vir hom soos 'n pa en ma voel of van wie hy dink hulle is jou pa en ma? Dit is wat die Here hier met die woord "verloën" bedoel. Dit beteken jy wil nie openlik sê wie hulle werklik is nie: "Dit is my pa en ma". Jy wil dit nie sê soos dit regtig is nie. Om dit te sê soos dit regtig is beteken om openlik te sê: "Dit is my pa en ma." Om openlik te sê of om jou openlik uit te spreek oor Jesus beteken om te sê dat Hy werklik die Christus en Here is. Dit is die kortste erkenning van wie Jesus is in die Nuwe Testament: "Jesus is Christus en Here." Om Christus te verloën beteken om nie te erken wie Hy werklik is nie, maar om jou geloof in Hom só te bely dat jy jou belydenis oor wie Hy is, voorhou asof dit net jou mening oor Hom is, net jou gevoel of spirituele belewenis van Hom is. Dit is om openlik te sê hoe jy oor Jesus voel, dink en Hom beleef, maar nie openlik dit só te wil stel dat dit is wie Hy werklik is nie. Wie só oor Jesus praat, verloën Hom net soos kinders wat van hul ouers praat as mense wat vir hulle soos ouers voel. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Matteus 10: 26 – 39. Teks: Mat. 10: 32, 33. Tema: "Christus sê vir die Vader wie ons is en ons sê openlik wie Christus is." Om openlik te sê of om jou openlik uit te spreek oor Jesus beteken om te sê dat Hy werklik die Christus en Here is. Dit is die kortste erkenning van wie Jesus is in die Nuwe Testament: "Jesus is Christus en Here." Om Christus te verloën beteken om nie te erken wie Hy werklik is nie, maar om jou geloof in Hom só te bely dat jy jou belydenis oor wie Hy is, voorhou asof dit net jou mening oor God is, net jou gevoel of spirituele belewenis van God is. Dit is om openlik te sê Jesus VOEL vir jou soos God, jy ERVAAR hom as God en jy DINK Hy is God, maar jy kan nie en wil nie dit sê as die werklikheid van wie God is nie. Dit die oproep van Jesus Christus aan elke lidmaat, ampsdraer en gemeente! Sê openlik soos dit regtig is: Jesus is Christus en Here! Jesus is werklik Here! Dit is die woord waarmee God vir Moses sê wie Hy is in Ex. 3: 14. Jesus is self die Skepper van hemel en aarde, saam met die Vader en die Heilige Gees. Jesus is werklik die Christus! Hy is die gehoorsame mens wat in my plek as ongehoorsame mens gestraf is, sodat Hy my vir God onskuldig, reg en heilig laat wees. Ons sê dit soos dit is, want dit is net hoe dit werklik is. Ons kan nie anders as om oor Jesus Christus te sê wat ons sê nie, omdat Hy is wie Hy is! Ex. 3: 14 Die waarheid en werklikheid dat Jesus is wat Hy is, dring ons om dit openlik te sê. Net soos kinders dit vrymoedig,

spontaan en openlik sê: "Daardie is my pa en my ma!" Want dit is net soos dit werklik is! Hulle is my pa en ma en daarom sê ek dit soos dit is: "Hulle is my pa en my ma!" So sê ons openlik: Jesus is wie Hy is – Christus en Here! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Matteus 10: 26 – 39. Teks: Mat. 10: 32, 33. Tema: "Christus sê vir die Vader wie ons is en ons sê openlik wie Christus is." Christus openbaar in hierdie gedeelte dat daar 'n direkte verband is tussen wat ons spontaan en vrymoedig oor Hom sê en wat Hy openlik by die Vader oor ons sê. Hy sê openlik vir die Vader wie ons werklik is! Dit is net soos ouers wat wanneer hulle saampraat oor hulle kinders, dat hulle nie praat van "daardie kind" of "jou kind" of "hy" of "sy" nie, maar van "ons seun" en "ons dogter", net soos die kinders praat van "my pa" en "my ma". Vir wie openlik sê wie Christus is, sê Christus alles vir die Vader wie hulle werklik is. Dit is die gesag wat Jesus Christus oor ons het. Hy sê wie ons regtig is. Wat Hy oor my sê, is nie soos wat ek oor myself voel, dink en myself beleef nie; is nie soos hoe ek myself voorhou, aanbied, verduidelik en regverdig nie. Wat Hy as die Christus oor my sê, is net soos dit werklik is, want Hy laat dit werklik só wees! Het ons al ooit gewonder wat sê Jesus Christus vir die Vader oor ons in die hemel tussen Hulleself? Wat Hy vir Vader oor ons sê is net soos hoe 'n pa en ma oor hulle kinders met mekaar praat. Ons hoef nie te wonder wat Jesus Christus vir die Vader oor ons sê nie. Hy het dit alles vir ons gesê en gewys in die evangelie. Wat Hy oor ons vir die Vader in die hemel sê klink só: "Ek het vir hom/haar gely. Hulle staan nie onder Ons oordeel nie, maar leef in Ons barmhartigheid as ons verheerlikde kinders."; "Ek is vir hom/haar gekruisig. Hulle leef nie onder Ons vloek nie, maar in Ons seën."; "Ek het vir hom/haar gesterf. Hulle is nie voor Ons skuldig nie, maar leef onskuldig in Ons genade."; "Ek het vir hom/haar ter helle neergedaal. Ons het hulle nie verwerp maar in Ons liefde as ons geliefde kinders aangeneem." Dit is wat Christus oor ons sê by die Vader want dit is wie Hy ons werklik vir Hom en die Vader laat wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Matteus 10: 26 – 39. Teks: Mat. 10: 32, 33. Tema: "Christus sê vir die Vader wie ons is en ons sê openlik wie Christus is." Wat beteken dit om Christus te verloën? Dit is om wat jy oor Christus sê so anders te sê dat jy nie meer openlik sê wie Hy werklik is nie. Dit is hoe gelowiges vandag al meer gedwing word van Jesus te sê wie Hy is en wat Hy doen. Dit is byvoorbeeld om die volgende te sê:

- * "Jesus is 'n baie belangrike of die belangrikste persoon in my lewe",
- * "Jesus voel vir my soos God wat vir my sorg",
- * "Jesus is hoe ek God ervaar en beleef",
- * "Jesus is die manier waarop ek in God glo",
- * "Ek voel Jesus is iemand wat vir my sorg en omgee" en
- * "Jesus is vir my die persoon wat vir ons wys hoe ons oor God moet voel en dink, Hy is my opinie oor hoe God is."

Wat is fout met al hierdie dinge wat deesdae openlik oor Jesus gesê word? Dit is mos presies net soos kinders wat vir hul maats sê hul pa en ma is die grootmense by wie hulle bly, die oom en tannie wat vir hulle sorg en mense wat vir hulle soos 'n pa en ma voel! Om net te sê wie jy voel, dink en ervaar Jesus is, en nie meer openlik te mag verklaar dat Hy is wie Hy is, Here en God nie, IS die verloëning van Jesus Christus! Want met alles wat jy openlik sê, ontnem jy die waarheid en werklikheid van wie Hy in Homself, uit Homself en deur Homself werklik in hierdie skepping is. Deur openlik te verklaar hoe jy voel en dink oor Jesus met die skroom en geveinsde nederigheid dat jy dit net jou opinie en belewenis is, en jy dit nie as die enigste waarheid en werklikheid van wie Hy is wil stel nie, misken jy die waarheid en werklikheid van wie Hy is, ongeag hoe jy oor Hom voel, wat jy van Hom dink, hoe jy Hom ervaar, hoe belangrik Hy vir jou is of watter betekenis jy aan Hom heg. So 'n tipe "persoonlike belydenis" wat nie bedoel is om te sê wie Hy in werklikheid en waarheid is nie, is hoe ons vandag vir Christus moet verloën volgens die openbare gemeenskap en 'n baie groot gedeelte van predikante, priesters en pastore!!
Preekbeskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Matteus 10: 26 – 39. Teks: Mat. 10: 32, 33. Tema: "Christus sê vir die Vader wie ons is en ons sê openlik wie Christus is." Die drogredes hoekom ons Christus moet verloën kom van twee verslillende kante af. Van die GODLOSE WÊRELD word die verloëning van Jesus asof dit net verklarings van jou ervarings, gevoelens of opinies van Jesus is, gesien as die nuwe medemenslikheid waarin almal en elke gevoel, opinie en ervaring van God verdra kan word, aangeprys. Van die GEESTELIKES se kant is hierdie verloëning van Jesus die wyse waarop jy God volle betekenis in jou lewe gee. Hierdie is net drogredes. Die werklike rede is hulle wil hê dat ons aan hulle die mag moet gee om te sê wie ons is. Is dit regtig wat jy glo en wil doen? Wil jy glo dat jy is wie AFRIKA sê jy is, en aan Afrika die mag gee om te sorg dat u sal wees wat hulle sê u is? Wil jy hê EUROPA moet dit doen, hulle wat vir Europa ons met 'n internasionale weermag gemoor, geplunder en ons land se rykdomme gesteel het? Wil jy hê CHINA en Indië moet vir jou sê wie jy werklik is en sorg dat jy is wie hulle sê jy is? Wil jy hê dat elke innige geestelike, spirituele geesie, intellektuele wysgeer, sielvolle ghoeroe, slymerige toordokter, beterrweterige rabbi of 'n veglustige imam vir jou kan sê wie jy werklik is en kan sorg dat jy sal wees wie hulle (elk op hulle eie valse wysie) sê jy is? Wie van hierdie magte of persone sê oor jou by God die Vader soos Christus vir jou: Jan (of watter gelowige ook al) se oordeel oor sy oortredinge is Myne (Christus s'n), en My (Christus se) heerlikheid as U (die Vader se) Seun is Jan s'n? Jan se vloek vir sy slegtheid is Myne en my seën as U goeie Seun is Jan s'n? Jan se straf vir sy wandade is Myne en my beloning vir my gehoorsaamheid is Jan s'n? Die verwerping van Jan vir sy hatige innighede is Myne en my liefde as U geliefde Seun is Jan s'n? NIE EEN VAN BOGENOEMDE MAGTE OF PERSONE NIE ! Hulle sal jou verguis en vernietig met alles wat hulle oor jou sê en met hul perverse selfbeelde jou wil maak wie hulle jou wil hê! En daarvoor moet ons die Here eers verloën om hulle mag oor ons te gee! Maar... gelowiges sê wie Christus werklik

is want nét Hy sê wie ons werklik is. Preek beskikbaar op Google
by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.